TYGERBERG INTERNATIONAL EISTEDDFOD

CONSTITUTION

1. **NAME**

The name of the organisation shall be the **TYGERBERG INTERNATIONAL EISTEDDFOD**.

2 **BODY CORPORATE**

The organisation shall:

2.1 Exist in its own right, separately from its members.

2.2 Continue to exist even when its membership changes and there are different office bearers.

2.3 Be able to own property and other possessions

2.4 Be able to sue and be sued in its own name.

3 **VISION**

The vision of the Tygerberg International Eisteddfod is to be a cultural organisation serving the community with the purpose of enabling individuals and groups to be exposed to all spheres of cultural activity.

4 **MISSION**

The mission of the Tygerberg International Eisteddfod as an organisation of world renown is to :-

- play a leading role in the field of culture;
- promote all forms of culture at local and international level and to extend and become pioneers in the cultural sphere worldwide;
- acknowledge and respect diversity and live accordingly;
- inculcate self-confidence in our youth; and
- give recognition to creativity and excellence.

5. **OBJECTIVE**

The objective of the Tygerberg International is to promote, develop and foster by :-

5.1. creating the opportunity for individuals, other organisations and associations to participate in the activities of the association, to enjoy exposure to a great number of cultural aspects in South Africa, as well as the remainder of the world.

5.2. creating the opportunity for individuals, other organisations and associations, to discover, develop and relish the various cultural treasures;

5.3. engendering an interest in individuals of all ages, for involvement and participation in cultural activities; and

5.4 affording all its members, apart from the judging of cultural activities, the opportunity to participate in activities such as choir festivals, gala festivals, stage festivals, orchestral festivals, art exhibitions, concerts by invitation, prize-giving functions and other gatherings.

6. MEMBERSHIP, FEES, HONORARY LIFE MEMBERSHIP AND PATRON

6.1. Membership is open to all individuals, other organisations and associations who subscribe to the constitution of the organisation, who respect and are well-disposed towards the objectives of the organisation and who would affiliate thereto by way of payment of the prescribed fees.

6.2. Affiliation fees shall be determined annually by the management committee and is payable annually. Affiliated individuals, other organisations and associations who fail to pay their affiliation fees prior to the Annual General Meeting shall forfeit their voting rights.

6.3 Honorary life members shall be nominated from time to time. A written motivation may be submitted to the management committee by any affiliated member and honorary life membership of the Tygerberg International Eisteddfod shall be awarded, provided that an absolute majority vote from the management committee be obtained in favour of the nominated member.

6.4 A highly respected and distinguished member of the community who will endorse the vision and mission of the Tygerberg International Eisteddfod and promote the interests of the organisation, may be elected as a Patron. The election of such a person must be by a resolution, adopted by a two-thirds majority of affiliated members present and entitled to vote at an Annual or a Special General Meeting for which due and proper notice has been given.

7 STRUCTURE

7.1. MANAGEMENT COMMITTEE

7.1.1. The management committee shall comprise 9 members namely the chairperson, vice-chairperson, administrative manager, financial manager and 5 additional members. The portfolios drama, music and logistical management, shall be distributed amongst the members of the management committee.

7.1.2. The administrative manager and the financial manager shall be paid officials appointed by the management committee in accordance with a particular job description, which shall be prescribed by the management committee.

7.1.3. The management committee (except the administrative manager and the financial manager), shall be nominated and elected at the Annual General Meeting. Members shall be elected for a period of three years with the proviso that half of the members of the committee may be re-elected for a further one-year term to ensure continuity.

7.1.4 The administrative manager or financial manager shall be responsible for keeping minutes at meetings of the executive committee, management committee and at a General Meeting.

7.1.5 Minutes will be taken at every meeting to record the management committee's decisions. The minutes of each meeting will be given to the management committee members at least two weeks prior to the next meeting. The minutes shall be confirmed as a true record of proceedings at the next meeting of the management committee and shall thereafter be signed by the chairperson.

7.1.6. The management committee may fill any vacancy in their number or appoint an additional member by co-option. Such co-opted member shall enjoy immediate and full voting rights.

7.1.7. The management committee shall meet as regularly as may be deemed necessary but at least once every three(3) months for the execution of their duties in accordance with the arrangements, organisational requirements and activities of the Tygerberg International Eisteddfod.

7.1.8. Any member who fails to attend three consecutive meetings without having applied for and obtained leave of absence shall forfeit membership of the committee

7.1.9. A quorum for a meeting of the management committee shall consist of one half of the management committee members

7.1.10. If the chairperson and/or vice-chairperson are not present or are for any other reason unable to preside at any meeting, the management committee members present at such meeting shall choose another chairperson for such meeting who shall have the same rights of voting as the chairperson.

7.1.11 The chairperson or two members may convene a meeting of the committee by giving to the other members not less than twenty one days' written notice of the proposed meeting, which notice shall specify the reason for calling such a meeting.

7.1.12 All matters at any meeting of the committee shall be determined by a majority of the votes of the trustees present and voting. The chairperson of the meeting shall be entitled to a casting vote in addition to his vote as member.

7.2. POWERS OF THE MANAGEMENT COMMITTEE

7.2.1 The management committee shall manage and control the affairs of the Tygerberg International Eisteddfod and shall have full powers in the management of such affairs.

7.2.2 The management committee shall have the power and authority to raise funds or to invite and receive contributions.

7.2.3 The management committee shall have the power and authority to prescribe affiliation, entry and any other fees in the fulfilment of its functions.

7.2.4 The management committee shall have the power to open bank accounts, to draw, sign and endorse cheques and make deposits and otherwise operate on bank accounts opened on behalf of the Tygerberg International Eisteddfod.

7.2.5 The management committee shall have the power and authority to establish sub-committees and prescribe the manner in which these sub-committees will be constituted.

7.2.6 The management committee shall have the right to make rules for the proper management of the organisation.

7.3. EXECUTIVE COMMITTEE

7.3.1. The chairperson, vice-chairperson and the administrative manager shall comprise the executive committee.

7.3.2. The executive committee shall deal with matters requiring an immediate decision provided that any such resolutions shall be tabled for ratification at the next management committee meeting.

7.3.3. The executive committee shall, whenever necessary, direct any other management committee member to attend a specific meeting.

7.3.4. The executive committee shall meet as frequently as may be deemed necessary but at least every second month.

7.3.5. A quorum for an executive committee meeting shall consist of the majority of members of the committee.

7.4. **CONVENORS AND SUB-COMMITTEES**

7.4.1. Convenors for the various divisions of the Tygerberg International Eisteddfod shall be designated and elected at the Annual General Meeting.

7.4.2 Convenors may form sub-committees, consisting of persons skilled in certain areas.

7.4.3. Convenors and sub-committees shall be responsible for the annual revision of the syllabi of each division, recommendation of adjudicators for competitions, assist with the organisation during judging, and shall make recommendations to the management committee regarding improvements to each division.

7.4.4. Feedback in the form of minutes relating to matters discussed at meetings shall be submitted for approval at the following meeting of the management committee.

7.4.5. Sub-committees shall meet as frequently as may be deemed necessary.

7.4.6. A quorum for a sub-committee meeting shall consist of one half of the committee members.

7.5. **THE ACTIVITIES ORGANISATIONAL COMMITTEE**

7.5.1. The activities organisational committee shall comprise the members of the management committee and the convenors of the sub-committees for the various divisions of the Tygerberg International Eisteddfod.

7.5.2. The chairperson shall convene a meeting of the activities organisational committee whenever deemed necessary.

8. ANNUAL GENERAL MEETING

8.1. The Annual General Meeting shall comprise all the paid up members of the association and representatives of affiliated organisations and associations. Each such affiliated organisation or association shall be entitled to nominate two representatives who shall have one vote each.

8.2. The Annual General Meeting shall receive, deal with, consider and deliberate on:

8.2.1. The Management Committee's report regarding the activities of the previous financial year;

8.2.2. The Financial Statements for the previous financial year;

8.2.3. The estimate of income and expenditure for the ensuing year;

8.2.4. The referred activities of the management committee or affiliated organisations, associations or individuals.

8.2.5. Election of a management committee and an executive committee.

8.3. Members of the management or the executive committees need not be representatives of affiliated organisations, associations or individuals.

8.4. An Annual General Meeting shall be held at least once per annum, within two(2) months after the close of the financial year.

8.5. The management committee or the chairperson may call a Special General Meeting.

8.6 Notice of a General Meeting or Special General Meeting shall be given twenty one (21) days in advance to all affiliated individuals, organisations and associations.

9. QUORUM AND VOTING

9.1. The chairperson shall, in addition to his/her normal vote, also have a casting or second vote if necessary.

9.2. A quorum for the Annual General Meeting as well as the Special General Meeting, shall consist of the number of members present of the affiliated individuals, organisations and associations.

9.3. Every resolution proposed for adoption by a general meeting shall be seconded.

9.4 A resolution other than a resolution to amend the constitution or dissolve the organisation at an Annual or Special General Meeting shall be carried on a simple majority of members present and entitled to vote at such meeting.

10. FINANCES

10.1. The TYGERBERG INTERNATIONAL EISTEDDFOD is a public benefit organisation and a non profit organisation.

10.2. The administrative manager shall deposit all funds into a bank nominated by the management committee.

10.3. All accounts shall be approved by two (2) members of the management committee and be paid by the financial manager by way of cheque or electronic transfer. In his/her absence it will be paid by cheque signed by the chairperson and the vice-chairperson.

10.4. The financial year shall be between the 1 October and 30 September of each year.

10.5. At the beginning of the financial year, the management committee shall draw up an estimate of income and expenditure, which shall limit the expenditure accordingly, unless the management committee has resolved to exceed such limit.

10.6. The assets of the organisation shall only be applied in accordance with the objectives of the organisation and no member or office bearer shall have any rights in the property or other assets that belong to the organisation.

10.7. All funds received and not required for the immediate redemption of its debts, may, upon the authorisation of the management committee, be invested in interest bearing securities.

10.8. 75% of the funds received by the organisation shall, within a period of 12 months, be applied in the furtherance of the organisation's objectives, except where funds will be required for special projects of which the completion will exceed 12 months. When it becomes necessary to reserve such funds for a period exceeding 12 months, the organisation shall advise the SARS accordingly.

10.9. All donations received in order to promote the objectives of the organisation, shall be unconditional and shall be received in accordance with the terms of the organisation. The donor shall enjoy no monetary benefit, directly or indirectly, from the application of such donations.

10.10. Payments by the organisation for goods purchased or services rendered shall be in accordance with reasonable margins in relation to goods purchased or services rendered.

10.11. The organisation shall not conduct any business or trade ventures and, it shall not make available any funding or assets to any of its members for the purposes of conducting any business or trade ventures.

10.12 No surplus funds or assets shall be distributed to the members or office bearers of the association.

10.13 No remuneration shall be paid to any employee, office bearer, member or other person which is excessive, having regard to what is generally considered reasonable and in relation to the service rendered.

10.14 An accountant or other suitably qualified person shall annually conduct an audit of all the association's financial transactions.

10.15 The organisation shall submit annual returns to the SARS.

10.16 A copy of this constitution and any amendments thereto as a result of resolutions passed at an Annual General Meeting or Special General Meeting shall be submitted to the SARS. No amendments shall be made to this section (finance) without the approval of the SARS.

11. ORGANISATION OF ACTIVITIES

11.1. The Annual General Meeting shall delegate the organisation of the activities to sub-committees, or, where possible, to individuals or individual enterprises, with the right of co-option, whenever necessary.

11.2. The sub-committees responsible for the relevant sections of the syllabus, may nominate adjudicators for the specific divisions. The management committee shall be responsible for the final approval and appointment of appropriate adjudicators

11.3. Judging of the various categories shall be held between the second and fourth school terms.

11.4. A concert or concerts by invitation and a gala festival or festivals, shall be held annually. The management committee or the executive committee shall determine the venue/s, items and participants.

11.5. The Tygerberg International Eisteddfod shall at their own expense award diplomas only to the winners of each category. The required standards and the number of diplomas per category shall be determined by the management committee. Subject to the merit thereof, the Annual General Meeting may also decide to grant monetary or other awards to the winners.

11.6. Donations such as cash and trophies may be awarded subject to approval by the management committee, after having been approved at the Annual General Meeting.

12. SYLLABI AND INTERNAL RULES

12.1. The syllabi shall be revised annually and approved by the management committee.

12.2. The syllabi shall be published annually in the prospectus of the Tygerberg International Eisteddfod.

12.3. Internal rules shall be published annually.

12.4. Internal rules of whatever nature, shall be compiled and amended by the management committee or members of the executive committee, but shall be submitted to the Annual General Meeting for authorisation.

12.5. Whenever a trophy or bursary is awarded for the first time, the terms and conditions of such award shall be determined in conjunction with the donors thereof. The Tygerberg International Eisteddfod thereafter, reserves the right to amend such terms, provided the spirit intrinsic to such award, shall be preserved.

13. COMPETITIONS

13.1 The number of entries per category shall be determined by the management committee, who shall reserve the right to limit entries to ensure a high standard and to expedite the flow of events.

14. ENTRIES

14.1. Each entrant shall pay the prescribed entry fee as determined by the management committee;

14.2. Each individual, other organisation or association shall submit the required entry lists to the administrative manager, keeping a copy for himself or herself.

14.3. Individuals, other organisations or associations, will be identified by symbols or other signs.

14.4. Late entries by Individuals, organisations or associations shall be permitted up to and including a date set by the management committee, following which, no further entries shall be received.

14.5 An increased entry fee, as determined by the management committee, shall be payable for late entries.

14.6. After entries have been returned to the relevant individuals, other organisations or associations for purposes of verification, an acceptable period of time will be allowed for adjustments, after which, no further adjustments to entries will be permitted.

15. AMENDMENTS TO THE CONSTITUTION

15.1. The Constitution of the Tygerberg International Eisteddfod or any part thereof as contained herein shall not be rescinded, added to or amended, save by a resolution, adopted by a two-thirds majority of affiliated members present and entitled to vote at an Annual or a Special General Meeting for which due and proper notice has been given.

.

15.2. Notice of the intention to rescind, add to or amend the Constitution, shall be given, in writing, by the administrative manager to all affiliated individuals, other organisations and associations at least twenty one (21) days prior to the date of the relevant meeting.

.

15.3. The latest version of the constitution as amended at a General Meeting shall supersede all previous versions of the constitution.

16. INDEMNITY

Every management committee member, sub-committee member and person shall be indemnified by the Tygerberg International Eisteddfod against all costs, losses, expenses and claims which she or he may incur or become liable to by reason of any act done by her or him in the exercising of her or his powers, the discharge of her or his duties or the fulfilment of her or his obligations, unless such costs, losses, expenses or claims are caused by the *male fide* or grossly negligent act or omission of such person.

17. **DISSOLUTION**

17.1. The Tygerberg International Eisteddfod shall only be dissolved by a resolution, adopted by a two-thirds of all the affiliated members present and entitled to vote at an Annual or a Special General Meeting for which due and proper notice has been given.

17.2. In the event of dissolution, the assets of the organisation that remain after all debts have been settled, shall be donated to any other organisation or association of which the objectives are of a similar nature to that of the Tygerberg International Eisteddfod.

18. **LANGUAGE MEDIUM**

All the official languages shall, as far as is practicable, enjoy equal recognition in all the activities of the Tygerberg International Eisteddfod, however, all formal communiqués shall be conducted in Afrikaans and English only.

19. **VALIDATION**

This constitution of the **TYGERBERG INTERNATIONAL EISTEDDFOD** has been validated

at **WELGEMOED PRIMARY SCHOOL** on the **18TH** day of **OCTOBER 2016** and determines the activities of the association from the date of signature hereof.

SIGNED

FRANCOIS LUBBE : CHAIRPERSON

COENRAAD KOEGELENBERG : VICE-CHAIRPERSON

DATE: 30/12/2016

TYGERBERG INTERNASIONALE EISTEDDFOD GRONDWET

1. NAAM

Die naam van die vereniging is die **TYGERBERG INTERNASIONALE EISTEDDFOD**

2. BEHEERRAAD

Die organisasie sal:

2.1 in eie reg bestaan, onafhanklik van sy lede;
2.2 voortbestaan selfs wanneer sy lidmaatskap verander en daar ander ampsdraers is;
2.3 in staat wees om eiendomme en ander bates te besit;
2.4 in staat wees om in sy eie naam te dagvaar en gedagvaar te word.

3. VISIE

Die Tygerberg Internasionale Eisteddfod is 'n kultuurorganisasie in diens van die gemeenskap wat ten doel het om aan individue en groepe kulturele blootstelling te verleen op alle vlakke van die kultuurakker.

4. MISSIE

Om as 'n organisasie van wêreldgehalte –

- *'n Leiersrol op die gebied van kultuur te speel*
- *Alle vorme van kultuur op plaaslike en internasionale vlak te bevorder en uit te brei en ware spoormakers op die kultuurgebied wêreldwyd te wees*
- *Diversiteit te erken, respekteer en uit te leef*
- *Selfvertroue by ons jeug te kweek*
- *Erkenning te gee aan kreatiwiteit en uitnemendheid*

5. DOELWITTE

Die Tygerberg Internasionale Eisteddfod strewe na die uitbouing, ontwikkeling en bevordering van sy doelwitte deur -

5.1 aan individue, instansies en verenigings 'n geleentheid te bied om deur middel van deelname aan die Tygerberg Internasionale Eisteddfod blootsteling te kry aan die groot verskeidenheid van kulturele aspekte in Suid-Afrika en die res van die wêreld;

5.2 aan individue, instansies en verenigings 'n geleentheid te bied om die verskillende kultuurskatte te ontdek, ontwikkel en te bewaar;

5.3 by individue van alle ouderdomme belangstelling aan te wakker vir betrokkenheid by en deelname aan kulturele aktiwiteite; en

5.4 aan alle lede die geleentheid te bied om, naas die beoordeling van kulturele aktiwiteite, ook aan aktiwiteite soos koorfeeste, gala-koorfeeste, toneelfeeste, orkesfeeste, kunsuitstallings, uitnodigingskonserte, prysuitdelingsfunksies en ander samekomste deel te neem.

6. LIDMAATSKAP, LEDEGELD, ERELIDMAATSKAP EN BESKERMHEER

6.1 Lidmaatskap is oop vir alle individue, instansies en verenigings wat die grondwet onderskryf, die saak van die Tygerberg Internasionale Eisteddfod goedgesind is en by die vereniging geaffilieer is by wyse van betaling van die voorgeskrewe affiliasiegeld.

6.2 Affiliasiegeld sal jaarliks deur die bestuur vasgestel word en is jaarliks betaalbaar. Geaffilieerde individue, instansies en verenigings wie se affiliasiegeld nie voor die Algemene Jaarvergadering vereffen is nie, sal geen stemreg hê nie.

6.3 Erelede word van tyd tot tyd benoem. 'n Skriftelike motivering kan deur enige geaffilieerde lid aan die bestuur voorgelê word en erelidmaatskap van die Tygerberg Internasionale Eisteddfod sal toegestaan word mits 'n volstrekte meerderheid van die bestuur ten gunste van die genomineerde stem.

6.4 'n Hoogs gerespekteerde en eerbare persoon uit die gemeenskap wat die visie en missie van die Tygerberg Internasionale Eisteddfod sal onderskryf en die belange van die organisasie sal bevorder, mag as beskermheer aangewys word. Sodanige persoon moet deur 'n twee-derde meerderheid van die stemgeregtigde geaffilieerde lede wat teenwoordig by die Algemene Jaarvergadering of 'n Spesiale Algemene Vergadering, verkies word met dien verstande dat daar behoorlik en betyds kennis van die vergadering gegee is.

7. STRUKTUUR

7.1 BESTUUR

7.1.1 Die bestuur sal uit 9 lede bestaan, naamlik die voorsitter, ondervoorsitter, administratiewe bestuurder, finansiële bestuurder en 5 addisionele lede. Die portefeuljes drama, musiek en logistieke bestuur sal onder die lede van die bestuur verdeel word.

7.1.2 Die administratiewe bestuurder en finansiële bestuurder is betaalde amptenare en word deur die bestuur van die Tygerberg Internasionale Eisteddfod aangestel ooreenkomstig 'n bepaalde posbeskrywing wat deur die bestuur saamgestel word.

7.1.3 Die nominasie en verkiesing van bestuurslede (behalwe die administratiewe bestuurder en finansiële bestuurder) vind tydens die Algemene Jaarvergadering plaas. Bestuurslede word vir 'n tydperk van drie jaar verkies met dien verstande dat die helfte van die verkose bestuur herverkies mag word vir 'n verdere 1 jaar termyn, ten einde kontinuïteit te verseker.

7.1.4 Die administratiewe bestuurder of finansiële bestuurder tree op as notulehouer tydens vergaderinge van die dagbestuur, bestuur en 'n algemene vergadering.

7.1.5 Besluite van die bestuur sal tydens elke vergadering genotuleer word. Die notule van elke vergadering sal ten minste twee weke voor die aanvang van die volgende vergadering aan alle bestuurslede beskikbaar gestel word. Die notule sal by die volgende bestuursvergadering goedgekeur en aanvaar word as 'n getroue weergawe van die genotuleerde besluite en sal hierna deur die voorsitter onderteken word.

7.1.6 Die bestuur mag enige tussentydse vakatures wat binne sy voorgeskrewe raamwerk mag ontstaan of 'n addisionele bestuurslid aanstel by wyse van koöptering. Sodanige persone sal onmiddellik op volle stemreg geregtig wees.

7.1.7 Die bestuur vergader so dikwels as wat nodig geag word, maar minstens een keer elke drie (3) maande, ten einde uitvoering te gee aan hul pligte betreffende die reëlings en organisasie van die Tygerberg Internasionale Eisteddfod se werksaamhede.

7.1.8 As 'n lid van die bestuur by drie agtereenvolgende vergaderings afwesig was sonder dat hy/sy by die bestuur aansoek gedoen het om verlof tot afwesigheid en toestemming daartoe verleen is, sal sodanige lid se lidmaatskap van die bestuur verval.

7.1.9 'n Kworum vir 'n bestuursvergadering sal bestaan uit die helfte van die lede van die bestuur.

7.1.10 Indien dit vir die voorsitter en/of ondervoorsitter weens een of ander rede onmoontlik is om ‘n vergadering by te woon, sal die lede van die bestuur wat by die vergadering teenwoordig is ‘n ander voorsitter vir die bepaalde vergadering aanwys. Hy/sy sal dieselfde stemreg as die voorsitter hê.

7.1.11 Die voorsitter of twee lede van die bestuur mag ‘n bestuursvergadering belê met dien verstande dat die ander bestuurslede ‘n skriftelike kennisgewing van die voorgestelde vergadering sal ontvang, nie minder nie as een-en-twintig (21) dae voor die vergadering. Die kennisgewing moet ook die redes verstrek waarom die vergadering belê is.

7.1.12 Alle besluite tydens enige vergadering van die bestuur sal bepaal word deur ‘n meerderheid van stemme deur die aanwesige stemgeregtigde lede. Die voorsitter van die vergadering is geregtig op ‘n beslissende stem bo en behalwe sy stem as lid van die organisasie.

7.2 MAGTE VAN DIE BESTUUR

7.2.1 Die bestuur sal alle aspekte rakende die Tygerberg Internasionale Eisteddfod beheer en bestuur en sal die volle gesag hê om sodanige sake te bestuur.

7.2.2 Die bestuur het die mag en gesag om fondse te werf en aansoek te doen om bydraes en dit te ontvang.

7.2.3 Die bestuur het die mag en gesag om affiliasiegeld, inskrywingsgeld of enige ander gelde voor te skryf in die uitvoering van sy pligte.

7.2.4 Die bestuur het die reg om ‘n bankrekening oop te maak, geld te trek, tjeks te teken en endoseer, deposito’s te maak en bankrekeninge te bestuur wat in naam van die Tygerberg Internasionale Eisteddfod oopgemaak is.

7.2.5 Die bestuur het die reg en gesag om sub-komitees saam te stel en mag die wyse waarop hierdie sub-komitees sal funksioneer bepaal.

7.2.6 Die bestuur het die reg om reëls neer te lê in belang van die behoorlike bestuur van die organisasie.

7.3 DAGBESTUUR

7.3.1 Die voorsitter, ondervoorsitter en administratiewe bestuurder vorm die dagbestuur van die organisasie.

7.3.2 Wanneer die bestuur nie in sitting is nie, sal die dagbestuur spoedeisende sake hanteer en besluite daaroor neem, met dien verstande dat sodanige sake tydens die eersvolgende bestuursvergadering vir kondonering voorgelê sal word.

7.3.3 Die dagbestuur kan, wanneer nodig, aan enige ander lid van die bestuur opdrag gee om ‘n spesifieke vergadering by te woon.

7.3.4 Die dagbestuur vergader so dikwels as wat nodig is, maar minstens een keer elke tweede maand.

7.3.5 ‘n Kworum vir ‘n vergadering van die dagbestuur bestaan uit die meerderheid van lede teenwoordig by die vergadering.

7.4 SAMEROEPERS EN SUBKOMITEES

7.4.1 Sameroepers vir die verskillende afdelings van die Tygerberg Internasionale Eisteddfod word tydens die Algemene Jaarvergadering aangewys en verkies.

7.4.1 Sameroepers kan subkomitees saamstel, bestaande uit kundiges op die betrokke gebied.

7.4.2 Sameroepers en subkomitees is verantwoordelik vir die jaarlikse hersiening van die leerplanne van elke afdeling, moet beoordelaars aanbeveel, is behulpsaam met die organisasie tydens beoordeling en moet aanbevelings ter verbetering van elke betrokke afdeling aan die bestuur voorlê.

7.4.3 Terugvoering d.m.v. notules van sake wat tydens die vergaderings bespreek is, moet tydens die eersvolgende bestuursvergadering vir goedkeuring oorweging voorgelê word.

7.4.4 Die subkomitees vergader so dikwels as wat nodig geag mag word.

7.4.5 'n Kworum vir die vergadering van 'n subkomitee, bestaan uit die helfte van die lede van die subkomitee.

7.5 UITVOERENDE BESTUUR

7.5.1 Die uitvoerende bestuur bestaan uit die bestuur en die sameroepers van die sub-komitees vir die verskillende afdelings van die Tygerberg Internasionale Eisteddfod.

7.5.2 Die uitvoerende bestuur word deur die voorsitter saamgeroep wanneer omstandighede dit vereis.

8. ALGEMENE JAARVERGADERING

8.1 Die Algemene Jaarvergadering sal bestaan uit gevolmagtigde individue, verteenwoordigers van instansies en verenigings wat behoorlik geaffilieer is. Elke sodanige geaffilieerde instansie of vereniging sal geregtig wees op twee verteenwoordigers wat stemgeregtig is.

8.2 Die Algemene Jaarvergadering neem kennis, hanteer, oorweeg en bespreek die volgende aangeleenthede:

8.2.1 'n Verslag van die bestuur i.v.m. die werk van die vorige finansiële jaar;

8.2.2 Die finansiële state van die vorige finansiële jaar;

8.2.3 Die beraamde inkomste en uitgawes vir die volgende jaar;

8.2.4 Sake wat deur die bestuur, geaffilieerde instansies, verenigings of individue na die Algemene Jaarvergadering verwys is;

8.2.5 Die verkiesing van 'n bestuur en dagbestuur.

8.3 Lede van die bestuur of dagbestuur hoef nie afgevaardigdes of verteenwoordigers van geaffilieerde instansies, verenigings of individue te wees nie.

8.4 Die Algemene Jaarvergadering kom minstens een keer per jaar byeen, binne twee (2) maande na die einde van die finansiële boekjaar.

8.5 Die bestuur of die voorsitter mag 'n Spesiale Algemene Vergadering belê.

8.6 Kennisgewings om 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering te belê, moet minstens een en twintig (21) dae voor die vergadering aan alle geaffilieerde individue, instansies en verenigings versend word.

9. KWORUM EN STEMMING

9.1 Die voorsitter sal – indien nodig - benewens sy/haar normale stem, ook ‘n beslissende stem of tweede stem hê.

9.2 ‘n Kworum vir die Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering, sal bestaan uit die aantal aanwesiges van die geaffilieerde individue, organisasies en verenigings.

9.3 Elke voorstel/beskrywingspunt wat tydens ‘n algemene vergadering voorgelê word, moet gesekondeer word.

9.4 ‘n Voorstel, anders as ‘n voorstel om die grondwet te wysig of die organisasie tydens ‘n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering te ontbind, kan aanvaar word deur ‘n gewone meerderheid van stemgeregtigde lede wat by sodanige vergadering teenwoordig is.

10. FINANSIES

10.1 Die Tygerberg Internasionale Eisteddfod is ‘n openbare weldaadsorganisasie en ‘n organisasie sonder winsoogmerk**.**

10.2 Die administratiewe bestuurder sal alle fondse in ‘n bank, benoem deur die bestuur, deponeer.

10.3 Alle rekeninge sal deur twee (2) lede van die bestuur goedgekeur word en per tjek óf elektroniese oorplasing deur die finansiële bestuurder betaal word. In sy/haar afwesigheid sal die rekening per tjek betaal word, geteken deur die voorsitter en ondervoorsitter.

10.4 Die finansiële jaar sal strek vanaf 1 Oktober tot 30 September van elke jaar.

10.5 Die bestuur sal aan die begin van die finansiële jaar ‘n begroting van inkomste en uitgawes opstel en wat ná goedkeuring deur die bestuur, as die perke van uitgawes sal dien, tensy die bestuur ooreengekom het om sodanige perke te oorskry.

10.6 Die bates van die vereniging sal slegs aangewend word ooreenkomstig die doelwitte van die vereniging en geen lid of ampsdraer sal enige aanspraak hê op die eiendom of ander bates wat aan die organisasie behoort nie.

10.7 Alle fondse ontvang wat nie onmiddellik benodig word vir uitkering aan die vereniging se begunstigdes nie mag, met die goedkeuring van die bestuur, in rentegewende effekte belê word.

10.8 Vyf en sewentig (75%) persent van die fondse wat deur die vereniging ontvang word, sal binne ‘n tydperk van twaalf (12) maande vir die bevordering van die vereniging se doelwitte aangewend word, behalwe waar fondse bestem is vir spesiale projekte en waarvan die voltooiing van sodanige projek langer as twaalf (12) maande sal duur. Waar dit nodig is om sulke fondse vir langer as twaalf (12) maande te behou, sal die vereniging die Suid-Afrikaanse Inkomstediens dienooreenkomstig in kennis stel.

10.9 Alle skenkings aan die vereniging om die doelwitte van die vereniging te bevorder, sal onvoorwaardelik wees en ontvang word ooreenkomstig die bepalings van die vereniging. Die skenker sal geen direkte of indirekte geldelike voordeel trek uit die aanwending van die skenking nie.

10.10 Betaling deur die vereniging vir goedere aangekoop of dienste gelewer, moet in oorstemming wees met wat algemeen as redelik geag word met betrekking tot die goedere aangekoop en die dienste gelewer.

10.11 Die vereniging sal geen besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit bedryf nie en sal nie van die vereniging se fondse of bates aan enige van sy lede beskikbaar stel om ‘n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit te bedryf nie.

10.12 Geen surplus fondse of bates sal aan lede of ampsdraers van die vereniging oorgedra word nie.

10.13 Vergoeding wat aan enige werknemer, ampsdraer, lid of enige ander persoon betaal word sal nie buitensporig wees nie en moet in die algemeen as redelik beskou word in verhouding met die dienste gelewer.

10.14 ‘n Rekenmeester of behoorlik gekwalifiseerde persoon sal elke jaar al die vereniging se finansiële transaksies nagaan en ouditeer.

10.15 Die vereniging sal jaarliks inkomstebelastingopgawes aan die Suid- Afrikaanse Inkomstediens voorsien.

10.16 ‘n Afskrif van hierdie grondwet en enige wysigings wat volg op besluite geneem op ‘n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering sal aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens voorgelê word. Geen wysiging sal aan hierdie afdeling (finansies) sonder goedkeuring van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens aangebring word nie.

11. ORGANISASIE

11.1 Die organisasie van die vereniging se werksaamhede sal deur die Algemene Jaarvergadering opgedra word aan subkomitees of, waar moontlik, aan individue of individuele instansies met die reg om te koöpteer, indien nodig.

11.2 Die subkomitees verantwoordelik vir die onderskeie afdelings van die sillabus, mag beoordelaars vir die spesifieke afdelings nomineer. Die bestuur is egter verantwoordelik vir die finale goedkeuring en aanstelling van geskikte beoordelaars.

11.3 Die beoordeling van die verskillende kategorieë sal tussen die tweede en vierde kwartaal plaasvind.

11.4 ‘n Uitnodigingskonsert of -konserte en ‘n galafees of -feeste sal jaarliks gehou word. Die plek(ke), items en deelnemers sal deur die bestuur of dagbestuur bepaal word.

11.5 Die Tygerberg Internasionale Eisteddfod sal op eie koste diplomas toeken aan die wenners van elke kategorie. Die vereiste standaard, asook die getal diplomas per kategorie, sal deur die bestuur bepaal word. Na gelang van omstandighede, kan die Algemene Jaarvergadering ook besluit om geld of ander pryse aan wenners toe te ken.

11.6 Skenkings soos kontant en trofeë mag met toestemming van die bestuur ook toegeken word, nadat dit deur die Algemene Jaarvergadering goedgekeur is.

12. LEERPLANNE EN HUISHOUDELIKE REËLS

12.1 Die leerplanne word jaarliks deur sameroepers hersien en deur die bestuur bekragtig.

12.2 Die leerplanne sal jaarliks in die prospektus van die Tygerberg Internasionale Eisteddfod gepubliseer word.

12.3 Huishoudelike reëls sal jaarliks gepubliseer word.

12.4 Huishoudelike reëls, van watter aard ook al, word deur die bestuur of lede van die dagbestuur saamgestel en gewysig, maar moet vir goedkeuring aan die Algemene Jaarvergadering voorgelê word.

12.5 Wanneer 'n trofee of beurs vir die eerste keer toegeken word, sal die vereistes vir die toekenning in oorleg met die donateurs bepaal word. Die Tygerberg Internasionale Eisteddfod behou homself die reg voor om hierna die vereistes vir die toekenning van die beurs of trofee te wysig, met dien verstande dat oorspronklike betekenis wat aan die toekenning gekoppel is, onaangeraak sal bly.

13. KOMPETISIES

13.1 Die bestuur sal die getal inskrywings per kategorie bepaal en, indien nodig, die reg hê om beperkings op te lê ten einde die organisasie te laat vlot en die standaard te handhaaf.

14. INSKRYWINGS

14.1 Elke deelnemer betaal die voorgeskrewe inskrywingsgeld, soos deur die bestuur vasgestel.

14.2 Elke individu, vereniging of instansie voorsien die administratiewe bestuurder van die relevante inskrywingslyste, waarvan hy/sy vir eie rekord 'n afskrif hou word.

14.3 Individue, instansies of verenigings sal met simbole of ander tekens aangedui word.

14.4 Laat inskrywings deur individue, instansies of verenigings sal toegelaat word tot en met 'n datum soos deur die bestuur bepaal. Daarna sal geen verdere inskrywings aanvaar word nie.

14.5 'n Verhoogde inskrywingsgeld, soos deur die bestuur bepaal, word vir laat inskrywings gehef.

14.6 Nadat inskrywings vir kontroledoeleindes aan die betrokke individue, instansies en verenigings teruggestuur is, sal 'n aanvaarbare tyd vir wysigings toegelaat word. Daarna sal geen verdere wysigings aan die inskrywings toegelaat word nie.

15. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

15.1 Die grondwet van die Tygerberg Internasionale Eisteddfod of enige deel daarvan soos hierin vervat, mag nie herroep, gewysig of daaraan toegevoeg word sonder 'n voorlegging, wat tydens 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering deur 'n twee-derde meerderheid van die aanwesige geaffilieerde lede wat stemgeregtig is, aanvaar is nie. Alle betrokkenes moet behoorlik en betyds van sodanige vergadering in kennis gestel word.

15.2 'n Skriftelike kennisgewing van die voorneme om die grondwet te herroep, daaraan toe te voeg of dit te verander, moet deur die administratiewe bestuurder gestuur word aan alle geaffilieerde individue, instansies en organisasies, om hulle te bereik minstens een en twintig (21) dae voordat sodanige vergadering sal plaasvind.

15.3 Die nuutste weergawe van die grondwet, soos gewysig tydens 'n Algemene Vergadering, sal alle vorige weergawes van die grondwet vervang.

16. VRYWARING

Elke lid van die bestuur, sub-komitee en persoon sal deur die Tygerberg Internasionale Eisteddfod gevrywaar word teen enige kostes, verliese, uitgawes en eise waraan hy/sy blootgestel mag word of waarvoor hy/sy aanspreeklik gehou mag word as gevolg van enige optrede deur hom/haar in die toepassing van sy/haar regte, die nakom van sy/haar pligte of vervulling van sy/haar verantwoordelikhede, tensy sodanige kostes, verliese, uitgawes of eise veroorsaak is deur die *male fide* of ernstig nalatige optrede of pligsversuim van sodanige persoon.

17. ONTBINDING

17.1 Die Tygerberg Internasionale Eisteddfod sal slegs ontbind nadat ‘n voorstel daartoe aanvaar is deur twee-derdes van al die geaffilieerde lede teenwoordig en wat stemgeregtig is tydens ‘n Algemene of Spesiale Algemene Vergadering waarvoor daar tydig en behoorlik kennis gegee is.

17.2 In die geval van ontbinding, sal die bates van die vereniging wat oorbly ná die vereffening van alle skulde, geskenk word aan enige ander organisasie of vereniging met dieselfde doelwitte as dié van die Tygerberg Internasionale Eisteddfod.

18. TAALMEDIUM

Al die amptelike landstale sal, sover prakties moontlik, gelyke erkenning geniet in alle aktiwiteite van die Tygerberg Internasionale Eisteddfod, maar amptelike kommunikasie sal slegs in Afrikaans en Engels plaasvind.

19. BEKRAGTIGING

Hierdie grondwet van die **TYGERBERG INTERNASIONALE EISTEDDFOD** is goedgekeur te **LAERSKOOL WELGEMOED** op die **18 de** dag van **Oktober** van die jaar **2016** en bepaal die werksaamhede van die vereniging vanaf datum van ondertekening.

GETEKEN:

FRANCOIS LUBBE : VOORSITTER

COENRAAD KOEGELENBERG : ONDERVOORSITTER

DATUM: 30/12/2016